# Ruach Bediening Nuusbrief

Januarie 2023

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ....................1
2. Gebedsterapie sessies in Januarie 2023 ....................1
3. Getuienisse ....................2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ....................2
    a. Die Vrou ....................2
    b. Die ou Spoorwegman ....................3
    c. Jan van Dyk ....................4
    d. Nie een sekonde ....................4
5. Beplanning vir volgende maande ....................4
6. Woord in Aksie kampe – Pretoria ....................5


## 1. Gedagte vir die maand




## 2. Gebedsterapie sessies in Januarie 2023



| | |
|---|---|
| 70 | Gebedsterapie sessies in **Centurion** |
| 4 | Gebedsterapie sessies per **Telefoon** |
| 28 | Gebedsterapie sessies per **Video Call** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Zoom** |

| | |
|---|---|
| 12 | Gebedsterapie sessies in **Delmas** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Middelburg** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Nylstroom** |
| 5 | Gebedsterapie sessies in **Fochville** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande** |
| **119** | **Totale gebedsterapie sessies vir die maand** |

## 3. Getuienisse




**Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:**

**Getuienis 1**: Hallo Sarel, net terugvoering van my last visit by jou. Ons het gebid vir my hande. Ek het gegaan vir die xrays. God het my hande aangeraak. Xrays wys hande is mooi.

**Getuienis 2**: Terwyl ek besig was in 'n sessie, vertel die persoon my, sy moet gaan vir 'n 3de handoperasie. Ek voel toe ek moet haar hande salf, sodat hulle volkome genees. Haar man het ook in die sessie ingesit. Die volgende oomblik rek haar oe baie groot en se sy vir haar man, "Kyk, my hande kan heeltemal 'n vuis maak". Sy kon dit glad nie voorheen doen nie.

**Getuienis 3**: Ek bid vir iemand oor die telefoon vir genesing. Die getuienis is soos volg: "Toe ek daar opstaan, van die stoel af, toe kon ek normal loop, daar was geen pyn, geen ongemak op my maag nie en ek het my normale energie terug. Ek het sommer net weer lus gehad om iets te doen en waar ek vir meer as 'n week omtrent niks gedoen het nie. Ag dankie Sarel, ag dankie Jesus.

**Getuienis 4**: Dankie vir oom se gebede, ek voel regtig goed oor alles en glo daar gaan veranderinge kom. Oom is 'n baie mooi mens en mens kan duidelik sien wie in jou hart woon.

**Getuienis 5**: Die man wat u voor gebid het, was vanaand by die kerk. Prys die Here.

**Getuienis 6**: Hi Sarel, ek kan my arm tot teen my oor buig!!! Prys die Here

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Die Vrou

'n Baie welgestelde vrou het haar motor geparkeer voor 'n groot winkel. Dis was ysig koud en sy het so oomblikkie stil gesit in die snoesige warmte van haar voertuig voor sy uitklim om 'n paar inkopies te doen.

Die onderste winkel van die sentrum was 'n Koffie winkel wat allerhande heerlike eetgoed verkoop het. Die reuk van vars gebak het swaar in die lug gehang. Voor die venster van die winkel het 'n klein maer seuntjie gestaan met sy neusie vas teen die venster gedruk, besig om al die heerlike eetgoed te bekyk.

Die vrou het hom dopgehou en gesien dat ten spyte van die ysige weer, is die voetjies kaal en die broekie is gelap, maar net langs die lapwerk is dit deur geskif. Die hempie is dun gewas en die truitjie het duidelik alreeds jare se diens agter die rug. Sy voel hoe haar hart in haar binneste ruk en sy klim uit en stap na die seuntjie toe. "Boetman, waar is jou skoene" vra sy. "Tannie ek het nie skoene nie". Sy neem hom aan die hand, stap een van die groot winkels binne, koop vir hom 'n volledige stel lekker warm klere asook 'n paar dik kouse en lekker warm skoene.

Na haar inkope neem sy hom weer aan die hand en stap die koffie winkel binne. Sy bestel vir hom iets warms om te eet en drink. Hy het gesmul met die eetlus van 'n kind wat nie gewoond is aan sulke lekkernye nie.

Toe hy klaar is kyk hy vir haar en vra ewe onskuldig: "Tannie, wie is jy? Is jy God se vrou?" "Nee," antwoord sy hom, "ek is nie God se vrou nie, maar ek is een van Sy kinders". "Ja," sê hy " ek het geweet julle moet familie wees' (GELEEN)







## b. Die ou Spoorwegman



'n Ou spoorwegman het op 'n byeenkoms tot bekering gekom en is gevra om te bid. Hy het 'n oomblik geaarsel, en toe eerbiedig met 'n bewende maar helder stem gesê: "O, Here, noudat ek die vlag gestryk het, bid ek tot U, neem my voete van die ruwe spoorbaan af en plaas hulle veilig bo-op die trein van redding. Laat wysheid my handlamp wees en die Bybel my hooflig. Laat die trein gekoppel wees met die sterk skakel van liefde. En, Hemelse Vader, hou alle wissels gesluit wat na sylyne uitdraai, en veral die wat lei na 'n doodloopspoor.

O, Here, as dit U wil is, laat elke sinjaal langs die lyne die wit lig van hoop vertoon, sodat ek die lewensreis kan aflê, sonder om stil te hou. En Here, laat die tien gebooie my rooster wees. En wanneer ek die reis volgens roostertyd afgelê het en in die groot donker stasie van die dood ingetrek het, mag die Superintendent van die heelal sê: "Mooi so, goeie en getroue dienaar, kom teken die betaalstaat en ontvang jou loon van ewige geluksaligheid."

## c. Jan van Dyk




## d. Nie een sekonde

JESUS, ons het U so NODIG in ons lewens. Ons kan nie vir een sekonde SONDER U gaan nie. Moet nooit oor MY TWYFEL … of vir My KWAAD wees nie, sê die HERE. EK is altyd met JOU en aan jou KANT. Om vir My KWAAD te wees, het nog vir niemand iets in die sak gebring nie. Inteendeel, dis poeding vir die duiwel as jy vir My KWAAD is. Dit laat hom spring van vreugde. Hy sal enigiets doen om jou teen My OP TE MAAK. Mense beskuldig My VALSLIK vir allerhande negatiewe dinge wat gebeur in hulle lewens en in die wêreld. Maar Ek is nie skuldig NIE, sê die HERE.

Ek is jou HELPER en jou ONDERSTEUNER. Ek is jou RAADGEWER en ADVOKAAT. Ek is nie deel van die probleem nie. Ek is DIE enigste ware OPLOSSING. Ek sal jou DEURDRA! Ek is altyd by jou! Ook op hierdie oomblik VLOEI MY intense LIEFDE en ONDERSTEUNING deur jou van kop tot tone. Dankie JESUS. Amen.

.

"HY IS DIE OPLOSSING"
stepministries.net

## 5. Beplanning vir volgende maande

**DELMAS**

**MAANDAE** is ek in Delmas.
Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE |
| --- | --- | --- |
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296** |

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE |
|---|---|---|
| 2023 | 2023 | 2023 |
| 3 & 4 Februarie 2023 | 6 & 7 Februarie 2023 | |
| 3 & 4 Maart 2023 | 6 & 7 Maart 2023 | 23 Maart 2023 |
| | | 20 April 2023 |
| 5 & 6 Mei 2023 | 8 & 9 Mei 2023 | |
| 2 & 3 Junie 2023 | 5 & 6 Junie 2023 | 22 Junie 2023 |
| | | 20 Julie 2023 |
| 4 & 5 Augustus 2023 | 7 & 8 Augustus 2023 | |
| 1 & 2 September 2023 | 4 & 5 September 2023 | 21 September 2023 |
| 6 & 7 Oktober 2023 | 9 Oktober 2023 | 26 Oktober 2023 |
| 3 & 4 November 2023 | 6 & 7 November 2023 | 23 November 2023 |
| 1 & 2 Desember 2023 | 4 Desember 2023 | |

### 6. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881




Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee